

SINO-AFRIKA HANDEL

Ekonomiese bande tussen China en die Afrika kontinent het verdiep soos wat China se ekonomie gebloei het. China het die VSA in 2009 verbygesteek as Afrika se grootste handelsvennoot.

DIE MAN IN GRYS EN DIE MAN IN BRUIN

oorlog dreig na Iran-aanval

Blanke skuld

en meer...

**DIE
VAANDELDRAER**





INDEX

SINO-AFRIKA HANDEL	5
ONLUSTE EN PLUNDERING NET 'N KLEEDREPETISIE	7
ETNIESE DIVERSITEIT IS 'N GEDAGTEMISDAAD	9
DIE MAN IN GRYS EN DIE MAN IN BRUIN	11
OORLOG DREIG NA IRAN-AANVAL	12
OORLOG TEEN BLANKES IN VOLLE SWANG IN EUROPA	13
DAWIE ROODT OOR NATIONAL HEALTH INSURANCE (NHI)	15
BLANKE SKULD	17

Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Die meerderheid blankes in Suid-Afrika het geen erg aan Siener van Rensburg se visioene nie. Sy profetiese boodskap vir sy volksgenote word steeds deur hulle verwerp. Hulle beskou dit as die onsamehangende gebrabbel van 'n verstandelik versteurde; hulle verag sy goddelike waarskuwings; in die media word hy gereed deur sogenaamde 'kenners' afgekraak en bespot as 'n 'flentergat-profeet'; 'daggaroker' en 'waansinnige skisofreen wat tydens sy visioene epileptiese aanvalle kry'. Slegs 'n klein handjie vol aanvaar onvoorwaardelik dat hy as Godsgesant met 'n spesiale opdrag na sy volk 'gestuur' is.

Ons is bekend met die profete van die Ou Testament. Die kerk verkondig egter dat hulle tyd nou uitgedien is en dat ons hulle nie meer nodig het nie. Tog lees ek in Hand. 2:17 — “En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.”

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) definieer die woord 'profeet' soos volg:

“Persoon wat opdrag gekry het van God om te vermaan, te leer en te waarsku; geïnspireerde vertolker van Gods wil; Godsgesant.”

Elke profeet in die geskiedenis is dan ook spesiaal geroep om sy volk en net sý volk in te lig, te vermaan en te waarsku van die oordele wat hulle sal tref as hulle hul nie van hul sondige en verkeerde weë bekeer en tot God terugkeer nie.

En as die volk dan nie wil luister nie, word hulle getugtig — gewoonlik is die roede ook die voorwerp van hulle sonde. In die Ou Testament was dit dikwels daardie heidense nasies waarmee Israel vermeng en ondertrou het, die Kanaäniete, Amoriëte, Moabiëte, ens. Vandag gebruik God die oorheersing en



verdrukking van die Xhosa, Zoeloe, Tswana, ens., as strafgerig omdat ons as sy volk Hom verlaat het om met sy vyande te vermeng en ooreenkomste met hulle aan te gaan.

Maar sou die geroepe profeet se volksgenote sy vermaning ter harte neem en hulle van hierdie heidene afskei, beteken dit nie dat hulle voortaan maar net moet 'glo' en alles sal dan regkom nie. Nee, daar word ook van hulle verwag om aan die Goddelike opdrag van die profeet gehoor te gee en hulle te verootmoedig, alvorens God hulle lot sal verander.

Siener van Rensburg se opdrag was ondubbelsinnig juis dit: "Buk in die stof voor God en verootmoedig julle voor Hom, dán sal Hy julle aansien en uit die hand van jul vyand(e) verlos!"

Esg 3:17 — "Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku."

Siener het by geleentheid self aan Adaan de la Rey gesê: "Terwyl ek een aand geslaap het, het die Goddelike persoon (die man in grys klere) aan my verskyn, my vreeslik geskud en gevra of ek sal weier om te dra wat God op my lê ... en daarvandaan het ek nie getwyfel om te vertel wat ek sien nie..."

Sedert daardie dag het hy nooit geaarsel om aan vriend, volksgenoot en selfs vyand te vertel wat hy gesien het nie, maar hulle ook ingelig en gewaarsku oor toekomstige gebeure. So het hy bv. op Saterdag 11 Julie 1914 — skaars drie weke voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog — onverwags by genl. Koos de la Rey se plaas Elandsfontein naby Lichtenburg opgedaag. Dit was die eerste en enigste keer in die 15 jaar van hulle vriendskap dat oom Niklaas die byna 90 kilometer afgelê het om die generaal op sy plaas drie kilometer buite Lichtenburg te besoek. Hy het geweet hy is die draer van slegte nuus wat die lewe van sy geliefde vriend en volksman raak, en dié tyding wou hy self oordra.

"Oom Koos, ek moes kom. Dis 'n baie ernstige saak," het hy aan genl. De la Rey gesê, "Ek sien dit word donker ... en ek sien Oom sonder Oom se hoed ... en dis nie goed nie..."

Die simbool van 'n man sonder sy hoed, is 'n teken dat hy binnekort gaan sterf, en oom Niklaas het dit geweet. Daarom het hy al die pad gekom om sy boesemvriend vooruit te waarsku. Genl. Koos de la Rey was die eerste en enigste persoon aan wie Siener die dag en datum van sy dood vooruit meegedeel het.

Nadat Boy Mussmann die opgetekende voorspellings van Siener die eerste keer gelees het, het hy onomwonde verklaar: "Oom Niklaas is 'n tweede Johannes en die gesigte wat hy gesien het, is 'n tweede Openbaring van wat nog met sy geliefde volk gaan gebeur." Daar kan dus geen twyfel bestaan dat Siener 'n 'geroepe Gods gesant' is nie!

Op 1 Okt. 1917 sien hy in 'n gesig "die mielie stronke is by Johannesburg aan brand. Aan hierdie kant van Johannesburg is 'n klomp vaal witpens bokke bymekaar op 'n bult. Van Oost kom wilde makoue en trek die selfde rigting wat die vuur gebrand het. Aan die Ooste kom 'n ry kafferassegaaië uit. Van Oost na N.W. gaan groot en klein rooi beeste uit. Die mieliestronke wat brand, is 'n teken van onluste en bloedvergieting wat daar plaasvind. Terselfdertyd sien hy Engelse in Johannesburg (vaal witpensbokke) wat hulle met die Boeresak vereenselwig. Vreemdelinge (wilde makoue) uit Oos-Afrika (Mosambiek en Tanzanië) stroom die land binne en oral waar hulle kom, is daar xenofobiese aanvalle en bloedvergieting (en trek in dieselfde rigting wat die vuur brand).

Maar hy sien ook 'n gees van verskrikking deur die land trek wat maak dat ons vyande op die vlug slaan. Hy sê self: "Dis God se straf vir die duisende lewens wat hulle geneem het en ook omdat hulle van ons land 'n woestyn gemaak het."

Die profeet Esegïel gee vir ons 'n duidelike antwoord oor wat met hom sal gebeur as hy met 'n goddelike boodskap na die volk gestuur word en hy gee nie gehoor nie: 33:6 — “As ... die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg — dan is hy deur sy ongeregtheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van hom eis.”

SINO-AFRIKA HANDEL


Ekonomiese bande tussen China en die Afrika kontinent het verdiep soos wat China se ekonomie gebloei het. China het die VSA in 2009 verbygesteek as Afrika se grootste handelsvennoot.

Daar word gesê dat China 'n belangrike rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van Afrika, maar daar is 'n ander rede vir hulle inmenging en belangstelling in die swart lande. China is besig om, soos Islam, die wêreld geleidelik onder hulle hiel te kry.

China en Afrika is goed geskik vir mekaar. ... Die groot transaksies oor natuurlike hulpbronne wat deur Chinese leiers tydens besoeke aan Afrika onderteken is, gee oningeligte waarnemers die indruk dat die grootste belang op die kontinent die minerale rykdom is. Mynboubeleggings is bykans 'n derde van China se totale direkte buitelandse belegging.

Ekonomiese bande tussen China en die vasteland van Afrika het uitgebrei namate die ekonomie van China floreer het. Laasgenoemde het die Verenigde State as Afrika se grootste handelsvennoot in 2009 oortref en speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die ekonomie in Afrika.

Ekonomiese betrekkinge tussen China en Afrika het eeue gelede begin en duur tot vandag toe. ... Bilaterale handelsooreenkomste is tussen China en 40



lande op die vasteland onderteken. Chinese beleggings en kontrakte in Afrika suid van die Sahara be- loop van 2005 tot 2018 \$299 miljard, volgens die China Investment Global Tracker, en in 2018 het die Chinese president Xi Jinping belowe om 'n verdere \$60 miljard in Afrika-lande te belê.

Vanaf die 21ste eeu het die moderne staat van die Volksrepubliek van China toenemend sterk ekono- miese bande met Afrika opgebou. Daar woon na raming reeds byna een miljoen Chinese burgers net in Suid-Afrika.

Westerse lande het histories 'n sterk hand in die Afrika kontinent en voel ongemaklik oor nie alleen die Chinese se veelvoudige beleggingsprojekte nie, maar ook sy politieke invloed in byna elke hoek van die kontinent. China se inspuitings van biljoene dol- lars die afgelope paar dekades het aandag getrek. Sy tweesydigte verhoudings met verskeie Afrikalande het merkbaar vermeerder sedert 2000.



Ons weet teen hierdie tyd dat China met die Zambiese regering onderhandel om die land se kragvoorsiener, ZESCO, aan hulle te oorhandig omdat Zambië nie die terugbetalingsooreenkoms kan nakom nie. China besit reeds die ZNBC, die uitsaaidiens van Zambië. Lusaka se hooflughawe is glo die volgende teiken, maar die Zambiese regering is skynbaar onbewus daarvan dat hy in die moeilikheid is.

China verstaan die ontwikkelingstekorte op die kontinent en gebruik dit strategies om Afrika se ekonomiese toekoms in sy hande te hou. Afrika het wat China nodig het om sy ekonomie voort te dryf, spesifiek ru-olie en koper. Deur lenings wat nie terugbetaal kan word nie, verseker China dat hy belangrike grondstowwe kry as gedeeltelike betaling vir die lenings. Tot nou toe het hulle besonder goed in hulle doel geslaag.

Die belangrike is dat die besonderhede van die verbysterende groot lenings en terugbetalings nie aan die publiek bekend gemaak moet word nie. Dit sal die proses kan keer, maar dit word nie gedoen nie. Agteraf en oneerlik is die hoofeenskappe van die Afrika-inboorling en dus sal die verskeie swart regerings uiteindelik nie hulle skuld kan vereffen nie en China neem dan sy sekuriteit oor en dit is meeste die lande se verkoopbare bates. Die erns van die situasie word nie deur die swartes begryp nie.

Sedert 2000 het 'n aansienlike aantal Afrikalande lenings van die Chinese aanvaar tot 'n totaal van \$124 biljoen teen 1916. Daar was natuurlik nog verdere lenings daarna, maar Afrika is bloot die slagoffer van sy eie onkunde. Die wêreld het die swart lande herhaaldelik gewaarsku oor China se einddoel en die swart regerings het dit weggelag en nog meer geld geleen. Die tekort aan nugter denke en vooruitsiendheid veroorsaak dat Afrikaleiers nie die transaksies deurdink voordat hulle pen op papier sit nie.

Byna al die hoof ekonomieë van Sub-Sahara Afrika is vandag massief in die skuld by China. Wat dit erger

maak, is dat die meeste van hulle swak ekonomiese vooruitsigte vir die volgende klompie jare het en sal beslis probleme hê om hulle skuld te betaal.

Kenia alleen skuld 72% van sy \$50 biljoen onderhandelde skuld aan China en het reeds 'n verdere \$3.8 biljoen aangevra. Nigerië se lenings by China het ook onlangs vergroot met sowat \$5 biljoen. Angola se skuld staan op \$21.2 biljoen met 'n verdere hangende lening van \$4.4 biljoen. Suid-Afrika se skuld by China staan op \$17 biljoen – R263 biljoen. Meeste hiervan is vir ESKOM.

Die realiteit van hierdie bedrae is dat die meerderheid van die Afrikalande wat lenings aangaan, nie hulle voorneme vir terugbetaling sal kan bereik nie. Die hoofredes is weens hulle swak ekonomie en korruptsie. China is nou besig om hardekwas te trek teenoor lande wat by hom geleen het en begin terugbetalings eis.

Afrikalande wat nie hulle skuld kan vereffen nie, sal ook nie hulp kan vra van die IMF nie, aangesien Trump die IMF gewaarsku het om nie enige land te help wat skuld by China het nie. In 2005 het die IMF \$100 biljoen se skuld van 30 Afrikalande betaal. Geen ander land lyk of hulle gewillig is om dit te doen nie aangesien die skuld so ontsettend hoog is en ook wil niemand swaarde kruis met die VSA nie.

Die Afrika Unie het in 2014 in 'n verslag gesê dat die kontinent elke jaar \$184 biljoen verloor weens korruptsie. Hierdie verslag is in 2014 uitgebring en dis logies dat die bedrag veel hoër vandag sal wees. Daar is buitensporige verwagting dat regerings werk moet verskaf, 'n infrastruktuur, onderwys, asook ander noodsaaklikhede en dit dryf die regerings om meer te leen. Dit is baie duidelik dat hulle nie alles kan voorsien wat 'n ekonomie laat floreer nie. Hoe meer hulle glo dat hulle dit kan doen, hoe meer probleme veroorsaak hulle omdat hulle die Westerse kultuur van voorspoed nie verstaan nie.

China het dit duidelik gemaak dat hy die wêreld se ekonomie wil domineer. Hy ken die potensiaal wat Afrika besit en hy sal enigiets doen om dit te gebruik tot sy eie, selfsugtige voordeel. As Afrika hulleself beskikbaar stel as vastrapplek vir China en erger af is na die tyd, dan moet hulle alleen die gevolge dra.

Maar wat het hulle met die geld gemaak? In al die jare wat ons 'n blanke regering gehad het, was daar nooit sulke enorme bedrae uitgegee nie. Deur die toedoen van die liberaliste en ander swak blankes, het die Afrikane die idee gekry dat hulle dieselfde is as die blankes en dat hulle dieselfde lewenstyl behoort te kan handhaaf. Omdat hulle nie die geld kan genereer om dit te doen nie, leen hulle waar hulle ook al geld kan kry en mors dit dan uit op belaglike salarisse, sinnelose luukshede, ens.

Alle bates word aan China as sekuriteit gegee in ruil vir skuld. Die feit dat hulle nog nie kan besef dat hulle nooit die skuld sal kan betaal met hulle vermoëns nie, het nog nie by hulle geregistreer nie. Hulle glo maar soos altyd dat die blanke weer tot hulle redding gaan kom, maar dit sal nie weer so wees nie. Hulle toegang tot lenings word oral toegestop.

Die uiteinde van hierdie lewensbeskouing gaan ramspoedig vir die swartes verloop. Dis sekerlik nie wat die liberaliste in gedagte gehad het toe hulle leuens onrealistiese verwagting by swartes gekweek het nie, maar die feit van die saak is dat daar 'n dag gaan kom dat die swart regerings alle bates aan die Sjinese oorhandig het en dat hulle dan met niks sit waarmee hulle inkomste kan genereer nie. China gaan homself nie bankrot betaal aan belastings aan swart regerings nie. Geen belasting mag dalk een van die voorwaardes vir die lenings wees.

As dit die dag gebeur, gaan die swartes hulleself weer in die posisie van slawe bevind waar hulle moet bedel vir krummels met geen hoop op 'n uitkoms nie.

ONLUSTE EN PLUNDERING NET 'N KLEEDREPETISIE



Die grootbek, Andile Mngxitama, van die BLF wat deur Johan Rupert gestig en befonds word, sê dat die huidige onluste en plundering net 'n kleedrepetisie is vir "burgeroorlog teen blankes" volgens die Citizen.

Op 11 November 2018 sê hy aan die media dat hy 'n oproep op die swartes doen om 5 blankes dood te maak vir elke swarte wat sterf indien 'n taxi-oorlog sou uitbreek. Vir hierdie uitlating het Afriforum hom aangekla. Hy glo die swartes sal uiteindelik die blanke minderheid blameer vir die redes hoekom hulle in armoede sit en "dan sal die inploffing gebeur". Sy dreigement onlangs was: "Eendag sal ons teen die blankes opstaan. Kyk mooi."

Hy het ook op Twitter 'n oproep gedoen op swartes om hulle woede te rig tot "blanke monopolie kapi-



taal” (White Monopoly Capital). Hy het gesê hy vra nie vir “’n apokalips vir die blanke gemeenskap” nie, maar dat dit klaarblyklik ‘op die kaarte’ is.

Hy het aan The Citizen gesê: “Die huidige apokaliptiese tonele van verkoolde geboue en karkasse van motorfietse wat deur vuur geëet is, is slegs ‘n klee-drepetisie vir ‘n gebeurlikheid wat wag op die blankes in Suid-Afrika.

“Die geweld is op die oomblik swart gesentreer, maar die oorsprong daarvan is in werklikheid die struktuur van Suid-Afrika se ekonomiese apartheid. Die struktuur was geskep deur blankes onder apartheid en voortgesit deur swart politieke leiers wat deur dieselfde blanke geld gekoop is.”

‘n Mens moet dit vir hom toegee – hy sien presies wat aan die gang is met die swart politieke leiers. Hy is hoogs veroordelend teenoor die EFF en Malema, maar dit wat hy sê, sluit aan by wat Malema gesê het.

Mngxitama sê dat die huidige opstande in Suid-Afrika foutiewelik xenofobie genoem word in plaas van ‘n “swart op swart” oorlog.

The Citizen skryf: “Hierdie swart op swart oorlog, was ‘n vlag van geweld in 2008 nadat 63 swartes vermoor is. En elke drie jaar of so, vlam ‘n vlag van geweld op met toenemende intensiteit. Die siklus raak meer gereeld in tandem met periodes van verhoogde ekonomiese ontbering. Die siklusse raak ook al hoe groter. Dit is net ‘n kwessie van tyd voor dit oorspoel na veilige blanke gebiede en ‘n anti-koloniale burgeroorlog aan die gang sit waar swart, plunderende hordes sal toesak soos wat verwag word deur JM Coetzee in sy boek *Waiting for the Barbarians*.

“Die huidige vlag van geweld word meer aangedryf deur sekondêre teenstrydighede wat geskep word deur die hoof teenstrydigheid wat buite die gesig-

skring van die woedende gepeupel bly. Soos wat meer en meer swartes nie kos op die tafel kan sit nie, draai hulle teen “uitlander” swart bure met wie hulle moet kompeteer vir die krummels wat afval van die tafels van dié wat hierdie armoede geskep het. Die blanke gemeenskap is heeltemal onbewus van die feit dat daar ‘n direkte verband is tussen hulle gerief en die toestande wat massas swartes in oorlogsugtige hordes verander.

“Verslae toon dat meer as 200 trokdrywers mekaar in ‘n tydperk van een jaar vermoor het omdat hulle kompeteer vir werk wat toenemend gegee word aan buitelanders omdat hulle bereid is om vir laer salarisse te werk.

“Die blanke gemeenskap voel veilig in hulle geloof dat die swart politieke leiers wat hulle gekoop het om sekuriteit te voorsien, die swart massa onder beheer het. Dit is maar ‘n koue troos. Die komende swart woede, wanneer dit in die blanke gemeenskap ontplof, sal hulle hul nie steur aan die mooi praatjies van die diksak politikus wat van kop tot tone geklee is in Louis Vuitton nie.”

Dan haal hy Biko aan: “Lokasie-lewe alleen maak dit ‘n wonderwerk vir enigeen om volwassenheid te bereik. Daar sien ons ‘n situasie waar absolute armoede waarin swartes medeswartes sal vermoor net om te kan oorleef. Dit is die basis van vandalisme, moord, verkragting en plundering wat aangaan, terwyl die eintlik oorsprong van boosheid – die blanke gemeenskap – lê en sonbrand op eksklusiewe strande of ontspan in hulle bourgeois huise.”

Dis nie waar nie. Dis in die swarte se aard om te moor en te steel wat hy of sy wil hê. Hulle is ‘n besonder baar nasie met ‘n kultuur van opvlieëndheid, messtekery, plundering, steel, lawaaierigheid, ens. Dis in hulle aard en geen beskawing sal dit ooit uit hulle kan kry nie, maar Biko het, volgens Mngxitama, sy veroordelende vinger gewys na die kollektiewe blanke gemeenskap en hulle welstand in verband

gebring met absolute armoede wat swart mense glo in “selfvernietigende wesens” verander.

Hy sê ook: “Hierdie is ‘n waarskuwing oor ‘n situasie wat onvermydelik is so lank as wat die toestande bestaan wat aanleiding gee tot hierdie gebeurlikheid. Ons verwag weer ‘n styging in brandstofprys in ‘n land waar 10 miljoen sonder werk is. Die toestande vir ‘n burgeroorlog is in plek. Dis net ‘n kwesie van wanneer die ineenstorting gaan gebeur. Die kleedrepetisie is amper klaar; die tyd dat die ‘show’ in ‘n groter teater opgevoer sal word, staan voor die deur.”

Ramaphosa reken hy is nog die Groot Kahuna en het Mngxitama afgemaak as ‘n eensame stem in die wildernis. Hy was nog nooit so verkeerd nie. Volgens hom is die meeste Suid-Afrikaners vrygewig en welwillend. Hy het gesê dat die haat en rassisme van ‘n “paar” mense nie die gemeenskap moet toelaat om almal te karakteriseer op ‘n algemene verkleinerende manier nie, maar hyself het ‘n koue haat vir die blankes.

En dan sê hy: “Ons is nasiebouers.”

Die BLF wil hê hy moet verwyder word, onder andere oor hoe hy sy CR17 veldtogfondse gebruik het.

Hoe het ons hulle armoede geskep? In die sestigerjare het hulle gesê hulle gaan ons uit die land uitteel. Vandag sit ons met miljoene en miljoene nuttelose swartes wat net weet hoe om te teel, maar nie hoe om werk te skep en ‘n ekonomie aan die gang te hou nie. Dis waaroor dit eintlik gaan. Hulle het self hierdie armoede geskep.

ETNIESE DIVERSITEIT IS ‘N GED-AGTEMISDAAD

Etniese diversiteit kan sosiale vertroue en ekonomiese welvaart van volke knou, het studies bevind, asook dat Diversiteit Westerlinge uit hulle geboortereg verneuk. Die studies wat hierdie feite bekend gemaak het, is in minder as 24 uur van die Internet verwyder. En tog wil 63% Kanadese hê dat immigrasie beperk word. Diversiteit sluit werklike diversiteit, dié van opinie, uit. Multikulturalisme is bloot ‘n voorwendsel om geen nasionale kultuur te hê nie.

Hoe ver het die Weste al op hierdie pad van kulturele moord geloop? Mark Hecht van die Vancouver Sun skryf insiggewend hieroor:

“Kanada behoort tot siens te sê vir diversiteit, verdraagsaamheid en inklusief as hulle vertroue in mekaar wil bou en ‘n nuwe norm vir immigrasie aanvaar – verenigbaarheid, samehangend (cohesion) en sosiale vertroue.

“In plaas daarvan dat diversiteit ‘n seën is, vind baie dat hulle opgeëindig het met ‘n spul arrogante mense wat in hulle lande woon met geen voorneme om hulle vorige kulture, vyandighede, voorkeure en pretensies te laat vaar nie.





“’n Dekade gelede was die fundamentele geloof onder Dene teenoor Moslem immigrante dat hierdie nuweling sou sien hoe wonderlik Denemarke is en natuurlik ook so vinnig as moontlik deel daarvan sou wou word. Hulle was naïef verkeerd. Ten minste die helfte van alle Moslems dwarsoor verskeie Europese lande glo vandag dat hulle Sharia-wet belangriker is as die nasionale wette van die land waarin hulle hul bevind.” (Gladstone Instituut).

Die Dene het besef wat op die spel is – die verlies aan die integriteit van hulle gemeenskap is in gevaar. Die vereistes om burgerskap in Denemarke te bekom, is strenger gemaak. Immigrantekinders is verplig om na openbare Deense skole te gaan in plaas van Moslem godsienesskole. Welsynsvoordele word ingetrek indien daar nie gehoor gegee word nie.

Om mense te dwing om kinders saam skool toe te stuur, is nie die antwoord nie. Dit is veel beter om ander kulture heeltemal uit jou land weg te hou.

Die Dene weet wat hulle vroeër was – ’n land wat goed gewerk het toe dit homogeen was waar almal wou wees en waar almal deel van die gemeenskap was. Hulle het dieselfde taal gepraat, dieselfde gebruike en tradisies verstaan en het dieselfde geloof gehad. Die gevolg was dat mense mekaar vertrou het en die ekonomie het floreer.

Harvard ekonome, Alberto Alesina en mede-outeurs van ’n geskrif Fractionalization, redeneer dat groter diversiteit lei tot belemmering van ekonomiese groei. Met ander woorde diversiteit is ’n swakheid sover dit die ekonomie van ’n land aangaan.

In 1981 het die World Values Survey ’n ondersoek begin na die oorkruis-kulturele gelowe, waardes en motiverings en het sedertdien getoon dat gemeenskappe met ’n hoë sosiale vertroue nie net meer ekonomies produktief is nie, maar ook gelukkiger. Die mees suksesvolle gemeenskappe was die homogene lande, nie die diverse lande nie. In die verlede

was die Skandinawiese lande aan die bopunt van daardie plasinge. Hulle was die baken vir die feit dat vertroue die een ding is wat ’n gemeenskap maak werk.

Volgens die makro-sosiologie navorser, Jan Delhey by die Otto Geuricke Universiteit in Magdeburg, Duitsland, is Protestantisme en lae etniese diversiteit die twee top kriteria. As ’n mens Protestantisme eenkant sit, is lae etniese diversiteit die enkel faktor wat Denemarke, Japan en Hongarye pas. Sosiale vertroue is in al drie relatief hoog.

Maar nie al hierdie lande is Protestant nie. Daar is ander faktore aan die werk. Studies in 2008 deur navorsers Hooghe, Reeskens en Stolle toon dat etniese diversiteit in en uit homself nie inherent destabiliserend op ’n nasionale vlak is nie. ’n Land kan inderdaad verskeie etniesiteite hê en steeds met ’n hoë sosiale vertroue leef, maar daar is ’n vangplek.

Volgens navorsing in 2015 deur Peter Thisted Dinesson en Kim Mannemar Sønderskov is dit op die buurtevlak waar hoë etniese diversiteit vertroue verweer. Hoe meer direk interaksie in ’n diverse gemeenskap is, hoe meer verval sosiale vertroue.

Dit is die rede waarom mense hulleself afskei in etniese ingeslote grondgebiede. Mense hou daarvan om te assosieer met ander wat soos hulle is. Diegene wat deur inkommers wat nie soos hulleself is nie oorweldig word, verloor vertroue en trek spoedig weg. Vertroue verval dus op grondvlak en die ekonomie verswak. In Switserland is daar Duitsers, Franse, Italianers en Roemeniërs en tog het hulle ’n hoë vlak van vertroue want elke etniese groep het sy eie grondgebied en regering. Hulle meng nie etnisiteite nie en probeer nie ander beheer nie. As ’n land dus diversiteit wil hê, moet hy etniese afgebakende grondgebiede verwag.

Dit kan werk soos in Switserland of dit kan in ’n bloedige gemors eindig soos in die Balkanstate. Die



enigste ander opsie is lae diversiteit. Denemarke verkies laasgenoemde en dié immigrante wat nie wil saamwerk nie, moet die land verlaat. Dus ... is die uitsluit van sekere mense 'n vereiste vir jou gemeenskap? Die antwoord is eenvoudig – absoluut.

Kan Kanada iets leer van Denemarke? Die minimum vereiste is dat ons tot siens sê vir diversiteit, verdraagsaamheid en insluiting as ons graag 'n gemeenskap wil hê wat gebou word op vertroue soos wat ons in die verlede gehad het.

In Mark Hecht se redenasie het hy die kwessie van bloedvermenging heeltemal geïgnoreer as 'n struikelblok. As sy redenasie dan water hou, moet 'n mens aanvaar dat met bloedvermenging 'n ander etniese groep ontstaan wat nie aan een van die kante behoort nie. Daardie groep is die mees dekadente een op aarde en waar hulle oor hulleself regeer, ontstaan 'n kultuur soos ons in Mexico kry waar dwelmhandel, drank en diefstal hoogty vier.

Die vier groepe in Switserland is ook almal blank. Nie een van hulle kom uit Afrika of die Midde-Ooste nie. Die Roemeniërs kom uit Oos-Europa. Sy redenasie geld dus selfs net vir Westerse, blanke volke wat saam in een land woon.

DIE MAN IN GRYS EN DIE MAN IN BRUIN

Ons kry deesdae heelwat navrae in verband met Siener se twee leiers wat na vore gaan tree wanneer die blanke voor sy grootste krisisuur staan.

Siener het beklemtoon dat die volk in daardie donkerste uur van benoudheid nie weer op die vleeslike arm van hulle voormanne moet staat maak nie. Volgens hom gaan daar 'n geestelike leier (man in grys) in die Oostelike Provinsie opstaan wat die volk sal

saamsnoer en bewapen. En hoewel Siener nie gesê het hóé hierdie man die volk gaan bewapen nie, sal dit geestelik sowel as fisies van aard wees.

Die man in die bruin pak klere tree dan ook na vore: Op 15 Junie 1920 sien oom Nicolaas hoedat Engeland deur Duitsland in 'n toekomstige wêreldoorlog verslaan word; 'n Getroue Afrikaner van middelmatige bou in 'n bruin pak klere speel 'n belangrike rol in hierdie oorwinning. Dit is dieselfde persoon wat dan hierheen gaan kom om die Getroue Afrikaners by Lichtenburg toe te spreek en hulle tot bedaring te Bring (6 Aug. 1922).

Hier is weer 'n duidelike parallel tussen die benoudheid waarin die volk hom bevind en die wedervaringe van die Israeliete toe hulle weens hul ongehoorsaamheid deur God aan verdrukking oorgegee is.

